Tema: Wat sê jy as iemand jou vra oor jou geloof of die Christelike geloof aanval? Jou antwoord en verdediging is die Hoop wat in jou lewe!

Vooraf sang
Ps. 19-3: 1, 3, 4
Lied 255: 1, 2
Lied 253: 1, 2

Ontmoetingsdiens
Intreelied Sb. 12-3: 1, 2

Votum: Hoe sal ek die Here vergoed vir al sy weldade aan my? 13Met ’n drankoffer sal ek van sy redding getuig en die Naam van die Here aanroep.

Seën
Loflied Ps. 138-1: 1, 2, 3

Verootmoedigingsdiens
Sing met die oog op die Wet: Ps. 119-2: 12 en 13
Wet - Fokus op Eerste Gebod en HK Sondag 34, vr. 94
Sing Ps. 119-1: 10
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: 1 Petrus 3: 13 - 17
Teks: 1 Petrus 3: 15 - 16
Woordverkondiging

Antwoorddiens
**Geloofsbelydenis: 12 Artikels (almal hardop saam)**
Liefdegawes
Gebed
Sing Ps. 12-1: 1, 2, 4, 5, 6, 7 (Mel: Sb 4 - 8 se eerste mel)

Seën Rom 15:13 Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees! Amen

Amenlied Sb. 13-3.

Wat sê jy as iemand jou vra oor jou geloof of die Christelike geloof aanval?

Daar was die afgelope tyd ’n radioprogram op Sondae-aande **waarin bekende wetenskaplikes hulle ateïstiese sieninge bespreek het en op die wyse ’n baie duidelike aanval op die bestaan van God, die gesag van die Bybel en die betekenis van die Christelike geloof gerig het.** Gelowiges het met groot ontsteltenis hiervan kennis geneem en gevra hoe ons hierop moet reageer. Hoe antwoord ’n mens iemand wat so ’n aanval op God en ons geloof rig?

**Aan die ander kant kry gelowiges vandag in die algemene gang van die lewe meer en meer te doen met ongelowiges en wonder dan: hoe praat ek met die persoon oor my geloof**? Wat moet ek sê en waaroor moet ek praat? Moet ek enigsins iets sê of moet ek eerder maar net stilbly?

**Stilbly mag ons nooit! Nie as dit om die eer van die Here gaan nie!** Ons mag ons nie skaam vir die Here of verskoning vra dat ons in Hom glo nie! Soms moet ons dade harder getuig as ons woorde soos Petrus ook vir vroue - wat saam met ongelowiges mans lewe = sê: bly stil en leef Christus! Ander kere moet ons met krag en oortuiging verdedig wanneer die Satan met valsheid en dwaalleer die waarheid van God en sy Woord aanval!

**Soms kom jy in ’n situasie- soos die gelowiges in Petrus se tyd - waarin jy as gelowige lyding moet ervaar omdat jy glo.** Dat jy gekonfronteer word oor jou geloof! Dat jy gespot word, jou integriteit as Christin bevraagteken word en uiterste gevalle jy dalk met jou lewe moet betaal. Soms loop jy die gevaar om familie en vriende (skoolkinders) te verloor omdat jy glo!

**Om hierdie rede, brs en srs, sê die Here ook vanmore vir ons: moenie bang wees vir hierdie dinge nie!** Moenie bang wees vir lyding omdat jy glo nie! Moenie skrik as mense anders as jy glo en dink nie. Moenie geïntimideer voel deur hulle vrae, standpunt of uitsprake nie! Ons moet dit eintlik al hoe meer verwag! Die Here Jesus het ons gewaarsku: hoe nader die tyd dat Hy moet kom, hoe meer gaan ons van hierdie dinge ervaar!

Maar wat sê jy nou as iemand jou vra oor jou geloof of die Christelike geloof aanval? Die Here sê vanmore vir ons: jou rustige antwoord en vaste verdediging is die Hoop wat in jou lewe! Die Hoop wat in ons lewe! Praat oor die hoop wat in jou is!

Hoe antwoord ons dan? Hoe verdedig ons die evangelie? Die Here leer ons die volgende 5 sake:

1. Heilig die Here in jou eie hart
2. Wees gereed om te antwoord

3. Die antwoord is die Hoop wat in jou lewe
4. Antwoord met nederigheid en respek
5. Lewe so dat jy sonder skaamte kan antwoord

1. Heilig die Here in jou eie hart

**Geliefdes, die heel eerste en belangrikste wanneer dit gaan is dit jyself in ’n lewende verhouding met die Here Jesus leef en Hom as die enigste Here van jou lewe aanbid!** Dit is die vertrekpunt. **Om die Here in jou hart te heilig beteken dat jy Hom afsonder, as’t ware eenkant sit – weg van alle ander afgode, valse idees en gedagtes van die wêreld - en Hom as jou Here erken.** Die Grieke het die woord “heilig” gebruik wanneer hulle ’n gebou aan ’n afgod gewy het en nou sê Petrus – wy jou hart af as die alleenwoonplek van Christus Jesus. Geen ander afgod, geen ander idee of dwaling laat jy in jou lewe toe om jou lewe te beheers nie – net Jesus ons koning!

**Om Jesus te heilig beteken ook dat jy jou aan Hom toewy! Dat jy na Hom luister en dat jy sy wil en Woord gehoorsaam!** Dat jy jou nie deur valse leraars, goddelose idees en ander verkeerde invloede laat beïnvloed nie – maar net die Here dien! **Dat Jesus die Koning van jou lewe is en dat jy Hom gehoorsaam, moet duidelik sigbaar in jou lewe word**. **<u>Dit is waar jou gesprek met mens al begin sonder dat jy eintlik nog ’n woord gesê het! Want mense kyk hoe jy lewe!</u>**

2. Wees gereed om te antwoord.

In die tweede plek moet ons gereed wees met ’n antwoord! Brs en srs, die meeste van ons ouer mense het grootgeword in ’n wêreld waar almal geglo het en waar die meeste mense christene was! Ons het – verkeerdelik – aanvaar dat almal die Here Jesus dien en dat ons dus nie nodig het om met ander mense oor die Here te praat nie!

**Brs en srs, hierdie wêreld het dramaties verander!** Nou is ons as gelowiges in die minderheid en die stem van ongelowiges en ateïste word nou duideliker gehoor as ooit en nou skrik ons wakker! Wat moet ek sê, hoe moet ek antwoord? Ons kinders – self die laerskoolkinders - kan al vir jou sê dat hulle maatjies het wat glad nie meer glo nie en glad nie meer kerk toe gaan nie! Dit is nie vir ons kinders vreemd nie!

**Die Griekse word wat hier in ons teks vir “antwoord gee” gebruik word is die word “apologon”** en dit is ‘n hofterm wat gebruik is om te verduidelik hoe ’n prokureur die beskuldigde uit sy aanklag praat! Ons moet dus ons geloof uit die klag wat daarteen kom vrypraat! Vandag gebruik ons dit ook as ‘n vakterm in die teologie “apologetiek” Dit is die vak waarin studente geleer word om die Christelike geloof te verdedig”. Die konteks van Petrus se lesers was dus dat hulle geloof aangeval is en dat hulle daarteen moes praat! En vandag gebeur dit ook meer en meer.

**En nou moet jy kan antwoord**! Die Here roep jou op om gereed te wees! Jy moet oor hierdie dinge dink en jy moet jou voorberei dat jy iemand kan antwoord! Nie maar net die kennis-antwoord wat jy in die katkisasie geleer het nie, nie maar net die "kerk" se standpunt nie! Nie maar net jou ouers se standpunt nie – **maar jou eie oortuiging van dit wat waar is! As** iemand jou vra – moet jy die persoon nie na die dominee toe stuur of vir hom of haar 'n Bybel in die hand stop en gaan sê: lees self nie! **Jy moet vertel! Jy moet jou verhouding en lewe met God so kan verwoord dat jy dit aan iemand kan oordra!**
Is jy gereed? Kan jy vir iemand vertel?

3. Die antwoord is die Hoop wat in jou lewe

**Wat moet jy vertel? Jy moet vertel van die geloofspad wat God met jou loop! Van jou verhouding met God in Christus en Hoe Hy ook in jou lewe ware hoop en geloof gebring het! Van hoe jy elke dag God in jou lewe ervaar en wat God in Christus en deur die Heilige Gees in jou lewe doen!**

Kan jy dit doen, br en sr.? Kan jy vertel van wat God in jou lewe doen? Kan jy vanmore vir ons hier daardie pad van God met jou vertel?

**Want jy sien, br. en sr, wanneer ek of jy met 'n ongelowige praat en ons 'n gesprek oor God** of oor die Bybel of oor die geboorte, kruisiging of opstanding van Christus begin praat – met ander woorde – **oor die feite van die Bybel –** dan kan so **iemand daardie dinge bevraagteken of van jou daaroor verskil**? Hy of sy kan eenvoudig net vanuit 'n ongeloofstandpunt vir jou sê: maar ek aanvaar nie die Bybel as Woord van God nie – of ek glo nie dat God bestaan nie en dan sit jy in 'n doodloopstraat!

**Maar wanneer jy vir hom of haar kan vertel van dit wat hierdie God van die Bybel en die opgestane Here Jesus in jou lewe doen, dan kan daardie persoon dit nie bevraagteken of die waarheid daarvan betwis nie! Jy is dan die lewende getuie dat wat God in die Bybel sê en wat van Christus geleer word – waar geword het in jou lewe! En dat God lewend in jou alles wat in die Bybel staan laat gebeur!**

**Veral wanneer ons getuig van die lewende hoop wat ons het!** Daardie hoop wat God in Jesus vir ons gebring het deurdat ons weet dat al ons sonde vergewe is, dat ons deel aan die ware lewe in Christus en dat ons verseker weet dat daar na die dood vir ons 'n lewe by God wag!
**Want, brs en srs – geen ander geloof bied hoop nie!** Geen ander idee of filosofie of geloof of ongeloof bied hierdie lewende hoop aan mense nie! Elke ander godsdiens in hierdie wêreld en elke ongeloofsidee laat die mens sonder hoop! Vir hulle eindig die lewe in onsekerheid en selfs in wanhoop! Self die wetenskap het 'n

oop einde! Daar kan altyd iets anders en iets nuut ontdek word – wat my die sekerheid van wat ek nou weet – kan verander!
**Niks is vas nie - behalwe die hoop in Christus! En daarvan moet ek en jy vertel! Van Christus se lewe en werke in my lewe en die sekerheid wat sy verlossing gee en dat ek nou lewe met hierdie vaste hoop!** Ons lees in Kolossense 1: 27" God het besluit om aan hulle (sy kinders) bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is: Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid."

**Geliefdes, waarom sal ek en jy dan bang wees om te praat?** Ons leef mos elke dag met God en ons sien elke dag hoe God in Christus en met die Heilige Gees in ons lewe besig is! Jy kan mos hieroor praat nie waar nie?
**Kom ek noem een vb uit my eie lewe**: vertel van gesprek met my ouers en Altzheimer ma!

4. Antwoord met nederigheid en respek

**Natuurlik kan jy hieroor praat – met groot vrymoedigheid! Maar dan altyd met nederigheid!** Een van die belangrikste werk van die Heilige Gees in ons lewe is nederigheid! **Ons praat nooit met ander uit die hoogte, meerderwaardig of neerhalend nie! Hoekom nie? Want onthou: ek en jy lewe uit genade!** Dit is slegs God se genade wat maak dat ons in Christus kan lewe! Dit is nie jou baie kennis van die Bybel, of die kerk waaraan jy behoort of die wonderlike geloof van jou ouers wat jou aan hierdie lewende Hoop – Christus Jesus – laat lewe nie! Dis alleen God se genade! Daarom altyd nederig en diensbaar!

**Altyd met respek vir die mens wat jou vra na jou geloof of met wie jy in gesprek tree!** Of hy nou 'n Moslem is, 'n ateïs, Bhoedis of aan een of ander Afrika-afgod glo! **Daardie mens is na God se beeld geskape en daarom het ek oor respek vir God se skepsel** – nie vir sy afgod of sy valse geloof nie – **maar vir die feit dat hy of sy dalk die volgende kind van God kan wees!**

5. Lewe so dat jy sonder skaamte kan antwoord

**En laastens: lewe so dat jy sonder skaamte met iemand oor die Hoop in jou kan praat! Brs en srs en liewe kinders: ons daaglikse lewe moet getuig dat ons met hierdie hoop lewe**! Ek en jy kan nie maar soos al die ander ongelowiges en mense van hierdie wêreld lewe en dan dink hulle gaan wonder oor ons geloof nie! Nee, ons moet juis deur ons gehoorsaamheid aan God en deur ons daaglikse toewyding anders as hulle leef– **soos 'n lig in die donker skyn**! 'n Helder lig wat anders is as die donker rondom jou! Dan sal mense ons raaksien en oor ons begin wonder! Juis omdat ons so anders as hulle lewe!

**Die wêreld hou ons met valkoë dop om te sien waar ons ook foute maak en dan gou-gou te sê: ja**, maar kyk hoe lewe julle Christene, kyk wat doen die kerk – met julle wil ons niks te doen hê nie! Dis alles maar 'n poging van die duiwel om ons

tot stilswye te bring! Daarom moet ons regtig gehoorsaam aan die Here lewe en volhard om nie in sonde te val nie! En wanneer ons sondig en val – dan staan ons mos weer op – want God vergewe in Christus en Hy gee ons krag deur die Heilige Gees om getrou te wees – die Here het ons belowe! Die Gees sal ons help!

**En ja, hulle gaan vir ons lag, hulle gaan dalk spot, jy gaan dalk ’n vriend of twee verloor!** Daar gaan dalk by die werk op jou neergesien word! Hulle gaan jou dalk in die skool uitsonder en jou uitstoot uit die vriendekring! En dit is baie swaar! Maar wat is vir my en jou die belangrikste? Wat God van ons dink of wat mense van ons dink?

Geliefdes, die wêreld gaan al hoe meer vir ons vra hoekom ons nog glo! Meer en meer gaan ek en jy moet verduidelik hoekom ons nog in God glo, hoekom ons nog die Bybel as God se Woord beskou en hoekom ons Hom nog as kerk dien!

Kom ons wees gereed om vir elkeen wat van ons ’n verduidelik vra oor die Hoop wat in ons lewe om vir hulle van ons pad met die lewende Christus te vertel! Sonder om te skrik of bang te wees! Kom ons vertel vrymoedig, met nederigheid en respek en kom ons leef so dat ons woord en dade getuig dat Jesus in ons lewe.

Amen

Kom ons doen dit ook nou – kom ons bely nou wat ons glo – 12 Artikels – hardop sê